

## 26 AUGUSTUS 2018

### 09:00 Erediens – Kerk

**Juan Aveling (Proefpreek)**

*Joh 6:56-69*

### 09:00 Gesinsdiens – Saal

**Peet Crous**

*1 Kron 7:20-29*

**Kategese en Kleuterkerk –**  
geniet die Gesinsdiens saam  
met Pappa en Mamma in die saal.



### 18:00 Nagmaal-aanddiens & Pelgrimsgroepe

(Snr. Kategese)

**Jeanri Bezuidenhout**

Preekreeks: Die lewe is...

### 19:00 Belydenisklas – Kapel

*Kursus #1: Spiritualiteit van die lewe (Grootgroep)*

## 2 SEPTEMBER 2018

### 09:00 Lentediens

**Eric Scholtz**

### 09:00 Kategese Gr1 – 6 (begin in die kerk)

**Geen Kleuterkerk**

a.g.v. Lente-tee



### 09:30 Lynnwood Oord-diens

**Johan Jooste**

### 18:00 Aanddiens en Welwillendheidssonntag Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

**Fay van Eeden**

Preekreeks: Die lewe is...

### 19:00 Belydenisklas – Kapel

*Kursus #2: Spiritualiteit van die lewe (Grootgroep)*

Ons beplan 'n kunste-erediens op 16 September om 09:00, waarin **die kunste** tydens en na die diens ten toon gestel gaan word. Indien jy enige vorm van visuele kuns, poësie/gedigte, ens. na die oggenddiens kan bring, kontak asseblief vir Immanuel van Tonder by 083 540 6015 of e-pos [immanuelvt@gmail.com](mailto:immanuelvt@gmail.com). Almal se meelewing word byvoorbaat waardeer!

Die predikante se jaarbeplanning vir 2019 vind vanaf 4-6 September plaas.

Terwille daarvan word 'n paar gespreksgeleenthede oor kerkwees gereël. Dit vind plaas op Sondag 26 Augustus om 10:15 in die saal, Dinsdag 4 September om 08:30 in die Kapel, en Woensdag 5 September om 18:00 in die saal. U is welkom om by een van hierdie geleenthede in te skakel en aan die gesprek deel te neem om op die wyse ook 'n inset ten opsigte van die beplanning te lewer.

Gasvryheidsbediening nooi almal hartlik uit na 'n Lente-tee volgende Sondag na die diens in Koinonia. Dames in die gemeente sal gedurende die week 'n sms ontvang vir eetgoed vir die tee.

Byvoorbaat baie dankie!

Het jy al gewonder wat om met ou yskaste, tv's, tuimeldroërs, rekenaars ens. te maak? Bring dit van vandag tot 2 September na die kerk en dit sal herwin word. Met die wins wat ons maak, plant Ekologie-bediening inheemse bome. Kontak Peet Crous 079 893 5572.

Die Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese) vier die koms van Lente met 'n *Welwillendheidssonntag*. Elke jongmens word vriendelik versoek om asseblief, indien moontlik, 'n nie-bederfbare produk op die lys wat volg, saam kerk toe te bring.

*Graad 7: 1 liter langlewemelk.*

*Graad 8: Oatshawermout/matabella pap.*

*Graad 9: Rys/mieliemeel.*

*Graad 10: Suiker/tee.*

*Graad 11: Olie/konfy.*

# Die week se kalenderaktiwiteite

<b>Maandag:</b>	<b>Kerkradsvergadering</b> 19:00 (Koinonia).
<b>Dinsdag:</b>	<b>Bybelstudie</b> 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. <b>Bybelstudie</b> 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. <b>Tabita Naaldwerkklasse</b> 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. <b>Nuwe Generasie Bybelskool</b> 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660. <b>Bybelstudie</b> 19:15 (Koinonia) – aangebied deur James Kirkpatrick.
<b>Woensdag:</b>	<b>Studente-selgroep</b> 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. <b>"Young couples"-omgeegroep</b> 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
<b>Donderdag:</b>	<b>Bybelstudie</b> 09:30 (Lynnwood Oord). <b>Tabita Naaldwerkklasse</b> 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. <b>Jong Volwasse-omgeegroep</b> 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
<b>Vrydag:</b>	<b>Bybelstudie</b> 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. <b>Gebedsgroep</b> 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

## Voorbidding:

Snyman Cronjé, Verenastraat 762, Faerie Glen (vrou 072 222 5719) – herstel na operasie.

Melanie Jonker, Selikats Causeway 285, Faerie Glen, 083 680 6071 – pa baie siek (in Intensief).

May du Plooy, Bergkareelaan 371, Lynnwood, 083 415 3478 – Wim oorlede.

## Gee jy reg?

Navorsing het getoon dat tot 90% bedelaars dwelms misbruik. Boonop verkoop bedelaars ook kos wat hulle ontvang aan ander minder bevoorregtes vir dwelmgeld. Daar word daagliks in die strate van Pretoria en Centurion 'n bedrag van tot R4 miljoen aan bedelaars gegee. Gee jy reg deur nie geld deur jou motorvenster aan 'n bedelaar te gee nie, maar eerder aan 'n verantwoordelik erkende organisasie? Ons nooi jou om liever 'n maaltyd-koepon te gee, wat verseker dat die bedelaar dit slegs kan ruil vir 'n bord kos by spesifieke kospunte. Verskeie probleme word so opgelos, omdat die bedelaar nie dwelms vir hom-/haarself kan koop of her-verkoop met die koepon nie. Deur die bedelaars stelselmatig te bearbei by die kospunte, word hulle gereedgemaak vir rehabilitasie. Kospunte word beman deur persone wat voorheen op straat was. Hulle bied ondersteuning en raad aan met die doel om bedel en dwelmgebruik te staak. Koop gerus maaltydkoepons by die Info-toonbank of kerkkantoor teen R15 elk. Meer inligting: <https://geereg.co.za/>.



## Lentekuier – kom vier die lewe!

Kom kuier lekker saam op Woensdag 12 September om 18:45 vir 19:00 in die kerksaal. Kom luister na Musica Vivendi. "New Beginning" en die Babamuur. Ligte verversings R100pp. 'n Baba is 'n geskenk, "New Beginning" gee babas wat in asblikke, en in agterstrate gevind word, 'n kans op lewe, 'n nuwe begin. Bring asseblief baba-benodigdhede saam. Kaartjies beskikbaar by die Info-toonbank of kerkkantoor.

Vir baie van ons beteken dit springcleaning. Bring gerus jou ou klere en merk die sak "springcleaning". Die klere sal aan minder-bevoorregtes geskenk word.

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing. Bankbesonderhede: NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan [finansies@nglynnwood.co.za](mailto:finansies@nglynnwood.co.za) of Snap Scan.



Snap here to pay

# Kontak van die week: Jy is 'n geskenk!

Jy is 'n geskenk aan die wêreld. As die geskenkpapier afgehaal word, is daar unieke gawes wat jy aan die wêreld kan bied. Nie net jou aangeleerde vaardighede nie, maar ook die uniekheid van jou menswees is 'n gawe. Die Gees gee nog ook buiten die vrug van die Gees, aan elkeen gawes wat van mekaar verskil. Die grootste gawe wat jy aan die wêreld kan gee is egter jou unieke self.

Het jy al ooit jouself as 'n geskenk gesien? 'n Geskenk vir jou man, vrou, kinders, familie, vriende, kollegas, vreemdes of selfs die skepping! Geskenk-wees verander iets aan jou identiteit. Jy kom tot die besef dat jy iets het om te gee. Jy kan waarde toevoeg tot ander se lewens. Dink net watter verskil dit sal maak as jou identiteit verander van een wat heeltyd verwag om geskenke van almal te ontvang, na iemand wat leef om geskenke uit te deel!

Saam met hierdie verstaan van menswees kom 'n nuwe bestaansdoel. Die vraag, "*wat op aarde maak ek hier?*", kry somer inhoud en elke dag kry betekenis. Jy kan vandag met motivering en energie opstaan om doelgerig te leef omdat jy geskenke gaan uitdeel waar jy ook al kom. Al is dit om jou tuin te versorg of 'n glimlag te gee aan die teller in die bank.

Hierdie geskenkwees-identiteit begin binne, maar dit is gerig na buite. Jou unieke geskenke aan die wêreld kan ontdek word deur na te dink oor dié twee vrae: "Wie is ek?" en "Wat is my passie?". Die antwoorde op dié vrae kan jou help om geskenke te gee wat meer natuurlik uit jou menswees vloei. Wees fyn ingestel om te let op die gawes wat jy gee wat tot vreugde en borrelende passie lei.



As 'n mens 'n rukkie nadink oor die groot rykdom en verskeidenheid gawes wat jy ontvang het, besef jy dat elke mens iets het om te bied. Die grootste Gawe wat ons ontvang het, is God self wat in ons sy woning maak. Hier ontsluit die Gees die gawes wat Hy deur jou aan die wêreld wil gee.

Die Engelse woord "*responsability*" is al op verskeie maniere gebruik om ons kreatiewe reaksie op uitdagende omstandighede aan te toon. Ons het die "*ability*" om anders as met 'n outomatiese reaksie te "*respond*". Maar iemand het dit ook anders toegepas: Hoe "*respond*" jy na aanleiding van al jou "*abilities*"? 'n Man en vrou bo 65 jaar oud het na aanleiding van hierdie konsep nagedink en besef hulle kan selfs op daardie ouderdom nog vir jong kinders sorg wat nie ouerhuise het nie. Hulle gawes was van so 'n aard dat hulle nog kon reageer op die nood van kinders. Hulle is nou voogouers vir 3 kinders wat in 'n liefdevolle huis grootword.

Ons diepste roeping en sin op aarde is in hierdie gedagtes opgesluit, naamlik om jou lewenskuns te ontsluit wat God deur jou vertoon. Mense ervaar God self deur jou gawes van genade, liefde en vrede. Mense vind in jou gawes dié Grootse Gawe wat ook in hulle is!

Gandhi het gesê: "*My life is my message*". Wat is die boodskap wat jou lewe oordra?

## T-Tyd

\* Neem net 'n oomblik in stilte om na te dink hoe dit jou raak as jy jouself(identiteit) as geskenk aan die wêreld sien.

\* Wat is die geskenk/e wat jy aan die wêreld kan gee?

\* Oorweeg om jou kuns op 16 September na die 09:00 erediens ten toon te stel. Dit kan poësie, skilderkuns, beeldhouwerk, breikuns, pottebakkerij, fotografie enige ander kunswerk wees. Ons gaan dit na die erediens in Koinonia uitstal ter inspirasie van mekaar. Laat weet vir Immanuel van Tonder as jy iets wil bydra.

Groete

Immanuel van Tonder

(Namens die predikantespan)

**Gaan loer gerus na die voorblad-artikel in die Kerkbode oor ons**

**1-doller-per-dag-projek, by:**

<http://kerkbode.christians.co.za/2018/08/13/r14-per-dag-vir-bewustheid-van-armoede/>

Naam \_\_\_\_\_

Selfoonnommer \_\_\_\_\_ Landlyn nommer \_\_\_\_\_

E-posadres \_\_\_\_\_

Kort beskrywing van Gawe  
\_\_\_\_\_Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)  
\_\_\_\_\_

Handtekening \_\_\_\_\_

Datum \_\_\_\_\_

\*\*\* Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

\*\*\* Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan [helplift@nglynnwood.co.za](mailto:helplift@nglynnwood.co.za).

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die diens vir enige navrae.



## Gemeenskap

**Uitnodiging:** Laerskool Menlopark se Kruithoring Voortrekker Kommando word 65 jaar jonk. Alle voormalige Voortrekker offisiere van Kruithoring Kommando word genooi om op Saterdag 27 Oktober by Laerskool Menlopark saam verjaarsdagfees te kom hou. Sms/Whatsapp jou besonderhede aan 082 554 0594 of stuur 'n e-pos aan John de Jager by [jdejager@duja.co.za](mailto:jdejager@duja.co.za). Stuur asb. ook enige foto's, staaltjies of herinneringe wat jy met hulle wil deel.

**Eenslaapkamer-tuinwoonstelletjie vir enkel persoon word dringend nodig.** Kontak asb. die kerkkantoor 012 348 1245 indien u kan help.

**Vars Koud geparste Olyfolie** van die Noord-Kaap. Kontak Cornelia 082 903 1427 of e-pos [gjooste@global.co.za](mailto:gjooste@global.co.za).

**Kennisgewingborde:** Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

**Motorwagdonasies:** Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

**Byderhand:** Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333. Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos


[customerarep@tshwane.gov.za](mailto:customerarep@tshwane.gov.za). Slaggate en/of robotte uit: e-pos [customerare@tshwane.gov.za](mailto:customerare@tshwane.gov.za).

Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos [customerare@tshwane.gov.za](mailto:customerare@tshwane.gov.za). Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by [www.tshwane.gov](http://www.tshwane.gov).

---

**Kontak ons:** 012 348 1245, [kerkkantoor@nglynnwood.co.za](mailto:kerkkantoor@nglynnwood.co.za). Web: [www.nglynnwood.co.za](http://www.nglynnwood.co.za)

Ma – Do 07:30 – 13:00 en Vry tot 12:00. Koster: Juan Ferreira 084 588 4948. Kombuis: Maretha Brits 073 267 7019.

Kom  ons en gesels saam op Facebook by Lynnwood Gemeente,  
Nuwe Generasie (@nuwegenerasielynnwood) of Musiek at Lynnwood Gemeente.